Fokus teks: Efesiërs 6: 10-20, 1983.
Liedere: Gesang 478: 1, 3 & 4; Gesang 464: 1, 2 & 4; Gesang 334: 1-4; Gesang 266; 501: 1-2.

---

## AANKONDIGINGS:

- Zuurfontein wens almal wat binnekort verjaar alles van die beste toe op hul spesiale dae! Ons vier graag die volgende verjaarsdae saam met julle: Fritz Deysel op 28 Junie, Annatjie Thirion op 30 Junie, Leo Baptiste op 2 Julie, en Leah Engelbrecht op 4 Julie. Mag dit vir elkeen van julle 'n wonderlike en geseënde jaar vorentoe wees. Baie geluk met julle verjaarsdae!
- Kry jou hart en hande reg vir Zuurfontein se Lekker-Eet op Vrydag 3 Julie! Ons begin reeds vanaf 8:00 werk en verkope skop amptelik om 10:00 af. Kom ondersteun ons — sien julle daar!

## LIEF & LEED:

- Tannie Petro is uit die hospitaal ontslaan. Sy sterk by haar kinders aan. Ongelukkig het sy griep opgedoen.
- Met tannie Elize Blignaut se gesondheid gaan nie goed nie. Toe ek Vrydag by haar gaan draai het was sy in ‘n semi-koma.

Fokus teks: Efesiërs 6: 10-20, 1983.
Liedere: Gesang 478: 1, 3 & 4; Gesang 464: 1, 2 & 4; Gesang 334: 1-4; Gesang 266; 501: 1-2.

---

## KLOK:

Laat die klok nou lui en laat ons onthou waarvoor daar ‘n haan op ons kerktoring staan.

## TOETREDE: Gesang 478: 1, 3 & 4 – Op vaste fondamente

## VOTUM:

Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.
Amen.

## SEËN:

Te midde van die geestelike stryd en spanning van ons dag, stuur die Here ons nie alleen in die geveg in nie. Hy rus ons toe en groet ons met sy genade: “Vrede vir die gemeente, en liefde en geloof van God die Vader en die Here Jesus Christus! Amen.

## LOFSANG: Gesang 464: 1, 2 & 4 – O Heer my God.

## LIEFDE, LIEFDE, LIEFDE:

As gelowiges staan ons dikwels midde-in 'n gees van vrees en onsekerheid. Dit is omdat die meeste van ons sukkel om die ware omvang van liefde ten volle te begryp.

Kom ons luister na die wil van God vir ons lewens, soos dit vir ons opgeteken is in 1 Johannes 4 verse 7 tot 21: "Geliefdes, laat ons mekaar liefhê, want liefde kom van God..."

God self het die inisiatief geneem. Sy liefde is nie 'n vae gevoel nie, maar 'n werklikheid wat die vermoë het om die wêreld radikaal te verander. Die Skrif sê: "Hierin is die liefde van God aan ons geopenbaar: God het sy enigste Seun na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê."

Dikwels leef ons egter in die greep van angs. Daar is 'n voortdurende spanning in ons binneste tussen vrees en

liefde. Maar die Woord herinner ons vandag daaraan dat God se volmaakte liefde in Christus hierdie spanning oorwin: "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want vrees bring straf, en wie vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie."

As kinders van die Here wat hierdie veranderende liefde ontvang het, word ons nou geroep om dit uit te leef in ons verhoudings. God se wil vir ons is prakties: "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het... En dit is die gebod wat ons van Hom gekry het: wie vir God liefhet, moet ook sy ander liefhê."
Amen.

## GESANG 334: 1-4 – God is liefde juig ons harte.

## PREEK:

Ons het onlangs ons Bybelstudie oor Paulus se brief aan die lidmate van die gemeente in Efese afgesluit. Ons het gelees en gesprek gevoer oor Efesiërs 6: 10-24, toe een

van die lede van die Bybelstudie groep spontaan opmerk: dominee, jy moet hieroor preek. Meer mense as ons by Bybelstudie groep moet hiervan hoor. Dit is wat ons vanmôre gaan doen.

Paulus stig hierdie eerste eeu se gemeente in ongeveer 53 n.C., toe hy op pad is na Jerusalem. Ek dink dit is belangrik om oor die gemeentes van die Nuwe Testament te onthou dat daar geen groot (makro gemeente) bestaan het nie. Dit was klein huisgemeentes.

In die Nuwe Testament word die sukses van die gemeentes nie gemeet aan die getalle of geboue of geld wat hulle in die bank gehad het nie.

Vir hulle was dit eerder belangrik dat gemeentes 'n missionale hart gehad het, hulle moes na buite leef. Skoene, sê Paulus in ons teks, met die bereidheid om die evangelie van God aan almal en oral en altyd te verkondig ... 'n missionale hart, ja.

---

Paulus roep deur sy briewe die gemeentes op om hard te werk aan die relasionele van 'n gemeente. Met ander woorde verhoudings was vir die vroeë kerk baie belangrik. Daar word gepraat, raad gegee en gewerk aan elkeen se verhouding met God, met hulself en met die mense rondom hulle.

Dan was dit ook belangrik dat gemeentes, lidmate van die gemeentes, inkarnerend moes wees. Dit is maar net 'n groot woord wat eintlik sê hulle moes die vermoë hê om ten alle tye en in alle opsigte, Jesus Christus se voorbeeld aan die wêreld en mekaar voor te leef.

Waaraan meet ons die sukses van 'n gemeente? Ongelukkig praat ons graag oor daai gemeente met die pragtige kerkgebou, die baie mense in die erediens en die vet bankrekening. Dit terwyl ons moet vra: Hoe lyk 'n gemeente se missionale hart? Hoe gesond is hulle verhoudings? En Het hulle die vermoë om Christus aan die wêreld voor te leef?

Fokus teks: Efesiërs 6: 10-20, 1983.
Liedere: Gesang 478: 1, 3 & 4; Gesang 464: 1, 2 & 4; Gesang 334: 1-4; Gesang 266; 501: 1-2.

---

Twee duisend jaar later en hierdie omsendbrief van Paulus maak weer ‘n draai by Zuurfontein gemeente. Die boodskap bly na al die jare relevant. Ons gemeente en ons lidmate ervaar soms geestelike spanning, moedeloosheid, verdeeldheid, twyfel, versoekings, beproewings, aanvegtings, druk en alle vorme van verlies.

Die brief wat ons vanmore gedeeltes van lees herinner ons daaraan dat ons in hierdie omstandighede nie passief kan leef nie, ons word opgeroep om waaksaam te wees, te volhard en in afhanklikheid van die Here te leef.

Kom ons lees ‘n stukkie uit hierdie omsendskrywe van Paulus, Efesiërs 6: 10-13:
[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot
mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee,
sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae
van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie,
maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers
oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

---

13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

Hierdie gedeelte begin met merkwaardige woorde: *Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag* of soos die in 'n ander vertaling geskryf staan *sorg dat julle nog sterker word in die Here. Julle moet weet hoe geweldig groot en sterk Hy regtig is.*

Hoe word ons sterker? Hoe word ons geestelik so sterk en fiks dat ons die uitdagings van die lewe kan afweer? Hierdie vraag kan op baie maniere geantwoord word, dit sal afhang van waar elkeen van ons in ons geestelike lewe is.

As ek deur Paulus se brief lees kan ek baie sulke geestelike gewoontes aanleer, sodat ek geestelik sterker kan word. 'n Goeie atleet moet hard oefen om in die

wedloop suksesvol te kan wees, as gelowiges moet ons ook hard oefen om geestelik sterk te kan word.

Kom ons loer na net vyf geestelike oefeninge wat ek en jy gereeld behoort te doen:

(i) Daaglikse gebed: Maak tyd om eerlik met God te praat, Hom te loof, jou sonde te bely, vir ander in te tree en jou lewe aan Hom toe te vertrou.

(ii) Bestudeer jou Bybel: Laat God se Woord jou denke, besluite en optrede vorm deur dit daagliks te lees en daaroor na te dink.

(iii) Bou aan verhoudings met ander gelowiges: leef in geloofsgemeenskap waar julle mekaar kan bemoedig en versterk.

(iv) Wees diensbaarheid: Oefen jou geloof deur ander in liefde te dien, jou geestelike gawes te gebruik en die evangelie prakties uit te leef.

(v) Volharding in die leiding van die Heilige Gees: Kies elke dag om volgens die Gees te leef, sonde te weerstaan en doelbewus in Christus te groei.

---

Behalwe al hierdie oefeninge leer Paulus die gemeente om ook innerlik sterk te word. Dit is wanneer jy jou krag in die Here vind. Wanneer jy jou krag van God af ontvang gaan dit nie meer oor jou eie vermoë, wilskrag of selfvertroue nie. Ware geestelike oorwinnings kom uit 'n lewe wat volledig in God gewortel is.

Daarom roep Paulus die gelowiges op om hulle volle wapenuitrusting aan te trek. Die doel daarvan is nie om aan te val nie, maar om staande te bly teen die aanslae van die bose. Vier keer in hierdie gedeelte gebruik Paulus die uitdrukking om vas-te-staan.

God roep ons om standvastig te wees. Dit gaan nie maklik wees nie, ons sal moet volhard ... vas-staan. Lees saam met my verder uit Paulus se brief, Efesiërs 6: 14-17:

*14Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want*

*daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.* 17 *Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.*

Met die skryf van hierdie preek onthou 'n die kinderliedjie uit Hanro se klein kinder dae. In my geestesoog sien ek die kindertjies op die verhoog hierdie liedjie sing en opvoer.

Die liedjie se naam is stap soldaatjie en sy woorde gaan so: Ek is nie 'n stap soldaatjie nie, 'n Ry soldaatjie nie, 'n Vlieg soldaatjie nie, Ek is nie 'n skiet soldaatjie nie. Maar ek is Jesus se soldaatjie, ja meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie. Dit is wat hierdie liedjie en Paulus se brief wil sê. Ek en jy is Jesus se soldaat en ons wapens lyk bietjie anders:

(i) Die gordel van waarheid simboliseer eerlikheid, opregtheid en die waarheid van God se Woord. Net soos 'n soldaat se gordel alles bymekaar gehou het, hou waarheid die gelowige se lewe geanker.

(ii) Die borsharnas (of die borsplaat) van geregtigheid beskerm my hart. Die groot woord geregtigheid beteken eintlik maar om in die regte verhouding met God te leef. Wanneer skuldgevoelens of aanklagte kom, herinner hierdie borsharnas ons daaraan dat ons deur Christus aanvaar is.

(iii) Die skoene van bereidheid om die evangelie van vrede aan die wêreld te bring. Die laaste sensus opname in ons geliefde Suid-Afrika sê 80% van alle inwoners van hierdie land is Christene. Met al die onvrede om ons wil dit nie voorkom of 80% van hierdie land se inwoners die skoene van vrede dra nie.

(iv) Die skild van geloof beskerm teen die “brandende pyle” van die Bose. Twyfel, vrees, leuens en ontmoediging word afgeweer deur vertroue in God. In die geloof het Dawid vir Goliat oorwin. In die geloof oorwin ek en jy al die aanslae van die lewe.

(v) Die helm van verlossing beskerm die gedagtes. Gelowiges leef in die sekerheid dat hulle aan Christus behoort. Dat hulle in Christus reeds verlos is van die ewige dood.

(vi) Die swaard van die Gees, wat die Woord van God is, is die enigste aanvallende deel van die wapenrusting. Jesus self gebruik God se Woord om versoeking te Dink aan Jesus daar in die woestyn met die versoekings. Elke keer weer Hy die versoeking van die satan af met ‘n aanhaling uit die Bybel. Jesus kon dit doen, want hy het die Bybel geken. Hoe goed ken ons die swaard in ons hand, die Woord van God. As jy nie jou wapen goed ken en vertroud is daarmee nie kan daai einste wapen teen jou gebruik word. Hoe goed ken ek die swaard, die Woord van God?

Paulus skryf in Efesiërs 6: 18-20 nog verder en ons moet konsentreer en mooi luister:

18Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.
19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.
20Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie.

Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

Hoor ons hoe die woordjie BID herhaal word. Ja, Paulus doen dit om klem te lê op hoe belangrik gebed vir ons geloofslewe is. Skep jy gebed af, verflou, vervaag, vergaan 'n gesonde geloofslewe. Gebed is praat en luister. Praat met God en luister na God.

Gebed is kommunikasie en daarsonder kan ons eenvoudig nie in 'n verhouding met God gesond groei nie. Ek hoor sommer hoe nodig dit is om aanhoudend te bid, sonder ophou. Gebed is nie net 'n inkopielys wat vra nie, maar ook 'n gelowige oor by die lippe van God, 'n oor wat luister na die wil van God. Geen verhouding sal vandag sonder kommunikasie kan staande bly nie. Ook nie 'n verhouding met God nie, en in die geloof noem ons daardie kommunikasie niks anders as gebed nie.

Daarom sluit ons vandag af met hierdie belangrike vraag? Hoe lyk jou gebed? Bid jy aanhoudend? Bid jy om na God te luister?

Amen.

## DANKGEBED:

## SLOTSANG: Gesang 266 – Die Onse Vader

## SEËN:

Vrede vir ons, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

## WEGSENDING: Gesang 501: 1-2 – Ek het, toe wilde storms gewoed het